

25 Mei

Handelinge 16:6-12, (Teks: 16:6, 11)

Die Gees sal my lei

God werk doelmatig. Hy het 'n plan. Die wonder is dat Hy mense soos u en ek as instrumente wil gebruik om sy plan tot uitvoering te bring.

So lei die Gees vir Paulus en Silas. Hulle moet egter stil word voor God om die leiding van die Gees te ontvang. Dit was juis Paulus se probleem. Hy het self besluit om in 'n Westelike rigting te gaan met die Evangelie. Hy wil na Efese toe gaan, die stad met sy afgode en heidene, maar dan verhinder die Heilige Gees hulle.

Dan besluit hulle om Noordwaarts te gaan. Hulle wil na Bitinië toe gaan met die baie afgode en heidene. Die Gees verhinder hulle vir 'n tweede keer.

Nou weet Paulus nie meer wat om te besluit nie. Hulle gaan sommer so Noord-Wes en kom op die stad Troas af. Daar word dit nag. Almal slaap en al die afgodstempels is toegesluit.

Juis daar in die nag ontvang Paulus die gesig van die Masedoniese man wat roep: Kom oor en help ons. In daardie nag oortuig die Gees Paulus van die rigting waarin hy moet beweeg. Hy moet na die stad Filippi toe gaan. Dit is die poort vir die Evangelie na Europa. Hy raak oortuig en hy gaan dadelik daarheen.

So werk die Heilige Gees ook met ons - die Gees verhinder en oortuig.

Wanneer ons vrae wil vra oor die toekoms - word ook stil voor die lewende God. Mag ons ook 'n sensitiwiteit ontwikkel om sy kragtige werking te ervaar.

Wanneer ons groot besluite moet neem - bid eers.

Wanneer ons verhinder word om te kom waar ons wou wees - dit is ten goede.

Wanneer ons haastig word - wag 'n bietjie; God het 'n plan.

Wanneer ons nie weet waarheen - die donker nag leer ons ons afhanklikheid van God.

Wanneer ons oortuig raak van die leiding van die Gees - gaan dadelik. Vandag.

Oortuigde Christen, jy wat aan die hand van die Woord oortuig is van jou ewige bestemming in Christus, jy is die mens wat vandag so nodig is.

Sing: Psalm 139:3, 4

Ds. J.C. van der Walt (Delmas)